# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 23

## ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD

# ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD



Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan.

Die leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregti[illegible]uite die wetsonderhouding om toereken. Dieselfde apost[illegible]t ons verniet, dit wil sê uit ge[illegible]eregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is.

Ons hou da[illegible]erdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder [illegible]r Hom, erken dat [illegible]at ons is en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie maar n[illegible]aat en steun op [illegible]oorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen.

Hierdi[illegible]orsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons onge[illegible]ede te bedek en die ge[illegible]vrees, verbyst[illegible]krik te bevry en om ons vry[illegible]heid te gee om na[illegible]ons [illegible]eerste vader, Adam[illegible]l b[illegible]probeer het[illegible]



En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: "En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie."

Nederlandse Geloofsbelydenis

# ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD

Artikel: 23

Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan.



Psalm 32:1-2: Gelukkig is die een wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Gelukkig is die mens vir wie die HERE sondeskuld nie toereken nie, en in wie se gees geen bedrog is nie.

Lukas 1:77: en om sy volk in te lig dat hulle verlos kan word deur die vergewing van hulle sondes,

Romeine 4:6-8: So noem ook Dawid die mens geseënd vir wie God regverdiging toereken, sonder werke: "Gelukkig is hulle wie se wettelose dade vergewe, en wie se sondes bedek is; Gelukkig is die mens vir wie die Here die sonde hoegenaamd nie toereken nie."

Kolossense 1:13-14: God het ons uit die mag van die duisternis gered, en verplaas na die koninkryk van sy geliefde Seun – deur wie ons bevryding, die vergifnis van sondes ontvang het.

1 Johannes 2:1: My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, sodat julle nie moet sondig nie; en wanneer iemand sondig, het ons Jesus Christus, die Regverdige, as Parakleet by die Vader.

Parakleet: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

Die leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken. Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is.



Psalm 32:1-2: Gelukkig is die een wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Gelukkig is die mens vir wie die HERE sondeskuld nie toereken nie, en in wie se gees geen bedrog is nie.

Romeine 3:24: en tog word hulle goedgunstig op grond van sy genade vrygespreek deur die bevryding in Christus Jesus.

Romeine 4:2: As Abraham inderdaad op grond van sy dade regverdig verklaar is, het hy rede om hom daarop te beroem. Maar nie voor God nie.

Romeine 4:6: So noem ook Dawid die mens geseënd vir wie God regverdiging toereken, sonder werke:

2 Korintiërs 5:18-19: En dit alles kom van God af, wat ons deur Christus met Homself versoen het, en aan ons die bediening van die versoening gegee het. Dit bestaan daarin dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle nie hulle oortredings toe te reken nie; en Hy het aan ons die boodskap van versoening toevertrou.

Efesiërs 2:8: Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God.

1 Timoteus 2:6: wat Homself as losprys vir almal gegee het, tot getuienis op die bestemde tyd.

Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer,



Psalm 115:1: Nie aan ons nie, HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, oor u troue liefde, oor u bestendigheid.

Openbaring 7:10-12: Hulle het met 'n harde stem uitgeroep: “Die verlossing behoort aan ons God, wat op die troon sit, en aan die Lam!” Al die engele het rondom die troon, en ook rondom die ouderlinge en die vier lewende wesens, gestaan. Hulle het toe op hulle gesigte neergeval voor die troon, en God aanbid en gesê: “Amen! Die lof, die heerlikheid en die wysheid, die dank en die eer, die krag en die sterkte kom ons God toe vir ewig en ewig. Amen!”

Nederlandse Geloofsbelydenis ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD Artikel: 23

Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie



1 Korintiërs 4:4: Ek is nie bewus van enigiets teen my nie, maar dit beteken nie dat ek regverdig is nie. Hy wat my beoordeel, is die Here.

1 Korintiërs 4:7: Want wie ag jou belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit dan ontvang het, waarom beroem jy jou daarop asof jy dit nie ontvang het nie?

Hebreërs 11:6-7: onder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan, en dat Hy dié beloon wat Hom soek. Deur geloof het Noag, toe hy die goddelike opdrag ontvang het oor dit wat nog glad nie gesien is nie, en omdat hy in eerbied gehoorsaam was, 'n ark voorberei vir die redding van sy huis.6 Daardeur het hy die wêreld veroordeel, en 'n erfgenaam geword van die regverdiging volgens geloof.

Jakobus 2:10: Want wie die hele wet probeer onderhou, maar een wet oortree, is aan almal skuldig.

# ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD



Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie **maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen.**



Handelinge 4:12: “Daar is ook deur niemand anders verlossing nie, en daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur ons verlos kan word nie.”

Romeine 5:19: Want soos deur die ongehoorsaamheid van een mens baie mense tot sondaars gemaak is, so ook sal deur die gehoorsaamheid van die Een baie mense geregverdig word.

Hebreërs 10:20: langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam,

## Nederlandse Geloofsbelydenis — ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD — Artikel: 23

**Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo;**



Handelinge 4:12: “Daar is ook deur niemand anders verlossing nie, en daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur ons verlos kan word nie.”

Romeine 5:19: Want soos deur die ongehoorsaamheid van een mens baie mense tot sondaars gemaak is, so ook sal deur die gehoorsaamheid van die Een baie mense geregverdig word.

Hebreërs 10:20: langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam,

# ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD



Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyeblare te bedek nie.



Genesis 3:7: Al twee se oë het oopgegaan en hulle het besef dat hulle naak is. Hulle het vyeblare aaneengeryg en vir hulle lendeskorte gemaak.

Jesaja 33:14: In Sion sidder sondaars van angs; bewing pak hulle beet, hulle wat vervreemd is van God: “Wie van ons kan by 'n verterende vuur vertoef? Wie van ons kan by 'n ewig brandende vuurherd vertoef?”

Sefanja 3:11: Op daardie dag sal jy jou nie skaam oor al jou dade waarmee jy teen My in opstand gekom het nie, want dan sal Ek jou hoogmoedige grootpraters uit jou midde verwyder. Jy sal nie langer selfvoldaan wees op my heilige berg nie.

Hebreërs 4:16: Laat ons dan met vrymoedigheid die troon van genade nader, sodat ons ontferming en genade kan ontvang om op die regte tyd gehelp te word.

Jakobus 2:10: Want wie die hele wet probeer onderhou, maar een wet oortree, is aan almal skuldig.

1 Johannes 4:17-19: Hierin het die liefde onder ons tot vervulling gekom: Ons sal op die oordeelsdag vrymoedigheid hê, omdat ons in hierdie wêreld ook soos Jesus is. In die liefde is daar geen vrees nie. Inteendeel, volmaakte liefde dryf die vrees na buite; want vrees het te doen met straf, en wie vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

# ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD



Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onsself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moes word.



Deuteronomium 27:26: "'Vervloek is die een wat die woorde van hierdie wet nie bevestig deur dit uit te leef nie.' En die hele volk moet 'Amen' sê."

Psalm 130:3: As U sondeskuld toereken, HERE – my Heer, wie kan dan staande bly?

Lukas 16:15: Hy sê toe vir hulle: "Dit is julle wat julleself voor die mense regverdig voordoen, maar God ken julle harte. Want dit wat deur mense hoog aangeskryf word, is 'n gruwel voor God.

Efesiërs 3:12: In Hom het ons, deur ons geloof in Hom, 'n seker en vrymoedige toegang tot God.

Filippense 3:4-9: al het ek self rede om op menslike dinge te vertrou. As iemand anders dink dat hy op menslike dinge kan vertrou, ek nog meer – Ek is besny op die agtste dag, afkomstig uit die volk Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs; wat die wet betref, 'n Fariseër, wat ywer betref, 'n vervolger van die kerk, wat geregtigheid op grond van wetsbeoefening betref, onberispelik. Maar alles wat vir my wins was, reken ek nou as verlies, ter wille van Christus. Inderdaad reken ek alles as verlies, ter wille van die uitnemendheid daarvan om Christus Jesus, my Here, te ken. Ter wille van Hom, het alles vir my 'n verlies geword, en beskou ek dit as vullis, sodat ek Christus as wins kan verkry, en in Hom bevind kan word – nie met my eie geregtigheid op grond van die wet nie, maar met die geregtigheid deur geloof in Christus, die regverdiging wat van God kom, deur die geloof

En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: "En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie."



Psalm 143:2: Moet net nie u dienskneg voor die gereg daag nie; want niemand wat leef, is voor U regverdig nie.

# Nederlandse Geloofsbelydenis — ONS GEREGTIGHEID VOOR GOD — Artikel: 23

Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan.

Die leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken. Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is.

Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen.

Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyeblare te bedek nie.

Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onsself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moes word.

En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: "En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie."

Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan[1].

Die leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken. Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is[2].

Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer[3], verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie[4] maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen[5].

Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo[6]; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregtighede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyeblare te bedek nie[7].

Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onsself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moes word[8].

En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: "En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie." [9]

1 Psalm 32:1-2; Lukas 1:77; Romeine 4:6-7; Kolossense 1:13-14; 1 Johannes 2:1
2 Psalm 32:1-2; Romeine 3:24; Romeine 4:2; Romeine 4:6; 2 Korintiërs 5:18-19; Efesiërs 2:8; 1 Timoteus 2:6
3 Psalm 115:1; Openbaring 7:10-12
4 1 Korintiërs 4:4; 1 Korintiërs 4:7; Hebreërs 11:6-7; Jakobus 2:10
5 Handelinge 4:12; Romeine 5:19; Hebreërs 10:20
6 Romeine 4:23-25; Romeine 5:1
7 Genesis 3:7; Jesaja 33:14; Sefanja 3:11; Hebreërs 4:16; Jakobus 2:10; 1 Johannes 4:17-19
8 Deuteronomium 27:26; Psalm 130:3; Lukas 16:15; Efesiërs 3:12; Filippense 3:4-9
9 Psalm 143:2